

Dinsdag 30 Maart

Skrifgedeelte: Levitikus 26:14-46

Fokusgedeelte: Levitikus 26:40-42 (1983-vertaling)

Gehoorsaam God uit dankbaarheid daarvoor dat Hy Hom ewig aan jou verbind het!

God het met sy volk 'n verbond gesluit en belowe om altyd vir hulle 'n God te wees. Die verbond vra egter dat die volk, uit dankbaarheid daarvoor dat God Homself aan hulle verbind het, altyd gehoorsaam sal wees aan God en so getrou sal bly aan die verbond. Levitikus 26 spel die seën van verbondsgehoorsaamheid baie duidelik uit (vs 1-13), maar ook die vloek van verbondsontrou en –on gehoorsaamheid (vs 14-46).

Ons lewe in 'n tyd waarin baie mense dink hulle kan maar ongehoorsaam wees aan God se Woord en God sal dit gelate aanvaar. Hy sal mos verstaan, sê hulle om hulleself te verontskuldig. Daarmee bedoel hulle God sal maar 'n bietjie anderpad kyk en insien dat dit eintlik die regte ding was om te doen, al was dit ongehoorsaamheid aan sy Woord.

Levitikus 26 sê egter hard en duidelik God is 'n heilige God en Hy haat ongehoorsaamheid aan sy Woord. Hy straf dit darem ook konsekwent. Dit is wat die Bybel bedoel met God is regverdig. God is egter nie net regverdig nie, Hy is ook genadig! Daarom laat Hy ook 'n pad oop na verbondsherstel as daar verbondsongehoorsaamheid was: Wanneer mense hulle sonde bely en berou toon daarvoor (vs 40, 42), dan sal God self die verbond herstel (vs 40, 45) en sal Hy sy kinders uit genade oorfloedig seën.

Hierdie pad na verbondsherstel loop deur Jesus Christus en deur Hom alleen. Hy vervul God se verbondseise volkome. God het Hom volledig gestraf oor ons sonde en so sy regverdigheid gehandhaaf. God het nie maar net anderpad gekyk nie en ons sonde geïgnoreer nie. Nee, Hy straf dit aan sy Seun. Maar so het God ook die seën van sy verbond gehandhaaf: Hy handhaaf sy genade deur verlossing te skenk aan berouvolle verbondsoortreders!

Sing: Psalm 89-1:6

Dr. HPM van Rhyn (Malan) (Pretoria-Noord)